education

Department:
Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V1

FEBRUARIE/MAART 2010

MEMORANDUM

PUNTE: 80

Hierdie memorandum bestaan uit 10 bladsye.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A: LEESBEGRIP

ASSESSERINGSRIGLYNE

- Spelfoute in een-woord-antwoorde word gepenaliseer.
- Spel- en taalfoute in langer antwoorde word nie gepenaliseer nie – die fokus is op begrip.
- Vir oop vrae word geen punte toegeken vir JA/NEE/EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE. Die rede/motivering word oorweeg. Indien die kandidaat nie JA/NEE skryf nie, maar die motivering is korrek, word die punt toegeken.
- Vir WAAR/ONWAAR- of FEIT/LUG JOU MENING-vrae, word die punte verdeel:
  - 1 punt vir WAAR/ONWAAR of FEIT/MENING en
  - 1 punt vir die rede/motivering/aanhaling.
    - As die leerder se WAAR/ONWAAR reg is, maar die motivering is verkeerd, verdien die leerder net EEN punt.
    - As die WAAR/ONWAAR verkeerd is, maar die motivering is reg, word GEEN punte toegeken nie.
    - Vals (Fals) kan aanvaar word. (*False* is egter verkeerd, want dit is Engels.)
- As 'n antwoord 'n aanhaling is, word die kandidaat nie gepenaliseer indien die aanhalingstekens ontbreek nie. Die aanhaling moet volledig volgens die teks wees, maar die kandidaat word nie gepenaliseer vir spelfoute nie.
- Waar een-woord-antwoorde gevra word en die kandidaat 'n volsin gee, is dit korrek mits die korrekte woord onderstreep word of op een of ander wyse uitgelig word.
- Wanneer twee of drie feite/punte vereis word en die kandidaat 'n hele reeks gee, word slegs die eerste twee of drie feite/punte nagesien.
- Indien die kandidaat woorde uit 'n ander taal gebruik as die taal waarin die vraestel verskyn, word die vreemde woorde geïgnoreer. Indien die antwoord sonder die vreemde woorde sinvol is, word die kandidaat nie gepenaliseer nie. Indien die vreemde woord in die antwoord vereis word, word dit aanvaar.
- Aanvaar dialektiese variasies.
- Aanvaar by meervoudigekeuse-vrae die letter ASOOK die korrekte antwoord wat ten volle uitgeskryf is.

VRAAG 1: DIALOOG
Kollig op Emo Adams [359 woorde]
[Verwerk uit: *Taalgenoot*, Oktober 2009 en *Huisgenoot*, 19 November 2005]

VR.	MEMORANDUM	PUNT	LU	AS	VLAK
1.1	9 jaar oud Ook in sinsverband.	1	2	Vind toepaslike inligting	1
1.2	Engels Ook in sinsverband.	1	2	Vind toepaslike inligting	1
1.3.1	C/Hy gee vir Emo idees hoe om bekende Afrikaanse liedjies te verwerk.	1	2	Vind toepaslike inligting	3

1.3.2	A/Hy motiveer vir Emo om meertalig te wees.	1	2	Vind toepaslike inligting	3
1.3.3	B/Hy stel vir Emo bekend aan die wêreld van vermaak en musiek.	1	2	Vind toepaslike inligting	3
1.4	Afrikaans/Die Afrikaanse deel. Hy sing, vertel stories en grappe in Afrikaans. (Of soortgelyk)	1	2	Verduidelik geïmpliseer de betekenis	4
1.5.1	Onwaar	1	2	Verduidelik geïmpliseer de betekenis	3
1.5.2	"Dans is my eerste liefde ..." (VYF OPEENVOLGENDE WOORDE)	1	2	Vind toepaslike inligting	3
1.6	C/Theuns Jordaan	1	2	Vind toepaslike inligting	2
1.7	Die Burger	1	2	Vind toepaslike inligting	1
1.8	Hy gaan wys 'n mens kan 'n ander ras se kultuur waardeer. (Of soortgelyk)	1	2	Gee persoonlike respons	4
1.9.1 1.9.2	Eie opinie, bv. Ek hou nie daarvan/ Ek hou nie daarvan nie. • Dit vat die karakter van die liedjie weg. OF • Ouer mense het mooi herinneringe aan hierdie ou liedjies en as dit modern gemaak word, verloor dit daardie bekoring. OF • Jongmense luister graag hierna. (Of soortgelyk) (Motivering moet pas by antwoord in 1.9.1)	1 1	2	Gee persoonlike respons	4
				SUBTOTAAL:	**13**

DENKVLAK 1&2: 4/13 [30,8%] DENKVLAK 3: 5/13 [38,4%] DENKVLAK 4&5: 4/13 [30,8%]

VRAAG 2: KOERANTARTIKEL
Die meeste mense in SA het 'n huis [326 woorde]
[Verwerk uit: *RAPPORT,* 16 Maart 2008]

VR.	MEMORANDUM	PUNT	LU	AS	VLAK
2.1	2007 Ook in sinsverband korrek.	1	2	Vind toepaslike inligting	1
2.2	61,7%. Ook in sinsverband korrek.	1	2	Vind toepaslike inligting	2
2.3.1	minder	1	2	Vind toepaslike inligting	2
2.3.2	Noord-Kaap Ook in sinsverband korrek.	1	2	Vind toepaslike inligting	2
2.3.3	Limpopo Ook in sinsverband korrek.	1	2	Vind toepaslike inligting	1

2.4	Mike Schussler Ook in sinsverband korrek.	1	2	Verduidelik geïmpliseerde betekenis	2
2.5.1	Onwaar	1	2	Verduidelik geïmpliseerde betekenis	3
2.5.2	"('n huis wat hulle óf) besit óf huur"	1	2	Vind toepaslike inligting	3
2.6	• (80% het nou) elektrisiteit. • (74% het nou) water/kraanwater. • (65% se) vullis word verwyder. (Enige TWEE)	2	2	Verduidelik geïmpliseerde betekenis	1
2.7.1	'n mening	1	2	Onderskei tussen feit en mening	3
2.7.2	"voel" (met of sonder aanhalingstekens) (EEN WOORD)	1	2	Onderskei tussen feit en mening	3
2.8	Ja. "maar hy is so jammer"	1	2	Gee persoonlike respons	2
2.9	B/Suid-Afrika so vinnig verstedelik.	1	2	Verduidelik geïmpliseerde betekenis	3
2.10	• Baie mense in Suid-Afrika besit wel/tog 'n huis. • Verbetering van dienste (Of soortgelyk)	1	2	Verduidelik geïmpliseerde betekenis	5
					SUBTOTAAL: 15
DENKVLAK 1&2: 9/15 [60%]		**DENKVLAK 3: 5/15 [33,3%]**		**DENKVLAK 4&5: 1/15 [6,7%]**	

VRAAG 3: ADVERTENSIE
***Ever Fresh*-melk [17 woorde]**
[Aangepas uit: *Sarie*, Oktober 2008]

VR.	MEMORANDUM	PUNT	LU	AS	VLAK
3.1	C/ niks in die melk is wat nie daar hoort nie.	1	2	Verduidelik geïmpliseerde betekenis	3
3.2	• dit daarop dui dat die (langlewe-) melk altyd vars is. • die (langlewe-) melk so vars soos die blommetjies op die boksie is (as fresh as a daisy). (Of soortgelyk)	1	2	Verduidelik geïmpliseerde betekenis	3
					SUBTOTAAL: 2
DENKVLAK 1&2: 0/2	**DENKVLAK 3: 2/2 (100%)**			**DENKVLAK 4&5: 0/2**	
DENKVLAK 1&2: 12/30 [40%]	**DENKVLAK 3: 12/30 [40%]**			**DENKVLAK 4&5: 6/30 [20%]**	
					TOTAAL AFDELING A: 30

AFDELING B: OPSOMMING

ASSESSERINGSRIGLYNE

ALGEMEEN
Lees die hele opsomming om 'n geheelindruk van die opsomming te kry.

- Beplanning is nie nodig nie.
- Indien beplanning wel gedoen is, moet dit duidelik aangedui wees.
- Indien nie aangedui nie, word die eerste opsomming nagesien.

- Indien die opsomming te lank is, word daar slegs 5 ekstra woorde toegelaat. **Die res van die opsomming word geïgnoreer**.
- Indien die opsomming te kort is, maar dit bevat al die vereiste inligting, word die kandidaat **nie gepenaliseer nie**.

- Kandidate mag nie afkortings in hul opsommings gebruik nie, maar indien dit in die opsomming voorkom, word elke afkorting getel volgens die getal woorde wat dit voorstel.

PUNTETOEKENNING
- Feite: 7 punte
- Taal: 3 punte

DUI DIE PUNTE SÓ AAN:

Feite (7) + Taal (3) = (10)

FOrmaat **(− 0/1)** **W**oord **(− 0/1)** **A**anhaling **(− 0/1/2)**

= TOTAAL

STAP 1: FEITE (7)
- Slegs feite wat in **volsinne** aangebied word, verdien punte. ('n Volsin het 'n werkwoord.)

STAP 2: TAAL (− 0/1/2/3)
- **ELKE taalfout** (grammatika, spelling en punktuasie) in **ELKE feit word aangedui (ook in verkeerde feite), daarna getel en soos volg bereken**:

Feite met taalfoute.	Feite sonder taalfoute.
0 – 4 foute: geen penalisering nie 5 – 10 foute: trek 1 punt af 11 – 15 foute: trek 2 punte af 16 foute of meer: trek 3 punte af	Geen feite korrek: geen punt vir taal 1 – 2 feite korrek: maksimum 1 punt vir taal 3 – 4 feite korrek: maksimum 2 punt vir taal 5 – 7 feite korrek: maksimum 3 punt vir taal

TIPIESE TAALFOUTE
- Woordorde in enkelvoudige sin (bv. O/werp + ww. + v/werp)
- Woordorde in saamgestelde sinne (Voegwoord 1, 2 en 3)
- Omgekeerde woordorde
- Tyd, wyse, plek- Direkte vertaling (moedertaalinvloed)
- Dubbelnegatief
- Voornaamwoorde
- Lydende vorm
- Infinitief

STAP 3: FORMAAT (− 0/1)

- Kandidate moet die opsomming in die vereiste formaat aanbied:
  - puntsgewys in kolomme of onder mekaar.
  - indien die feite nie duidelik as positief en negatief aangedui is nie, neem aan dat die eerste vier positief moet wees en die laaste drie negatief.
  - penaliseer **met een punt** indien die opsomming in paragraafvorm aangebied is. (Dit is 'n toegewing vir vanjaar se tipe opsomming.)

STAP 4: GETAL WOORDE (− 0/1)

- Kandidate MOET die **korrekte** getal woorde aandui.
- Indien die kandidaat nalaat om die getal woorde aan te dui of die verkeerde getal woorde is aangedui, penaliseer **met een punt** aan die einde.

STAP 5: AANHALINGS (− 0/1/2)

- Vir **direkte aanhalings** van sinne word daar soos volg gepenaliseer:

1 – 3 volledige sinne aangehaal: geen penalisering nie
4 – 5 volledige sinne aangehaal: trek 1 punt af
6 – 7 volledige sinne aangehaal: trek 2 punte af

VRAAG 4: INLIGTING OOR 'N KOMPETISIE
***Jip Rockspaaider* (262 woorde)**
[Verwerk uit: *Beeld Jip*, 7 April 2008]

MOONTLIKE OPSOMMING:

Die TWEE vereistes om aan die kompetisie deel te neem:

- Dit moet nuwe liedjies wees.
- Dit moet Afrikaanse liedjies wees.
- Die liedjies se melodieë moet oorspronklik wees.
- Dit moet 'n skoolorkes wees.
- (Enige TWEE)

DRIE stappe om die streekwenners te kies:

- Skole word in noord en suid gedeel.
- Elke deel word in streke ingedeel.
- Elke streek hou 'n uitdunrondte om 'n streekwenner te bepaal.

Die TWEE maniere hoe die streekwenners aan die publiek bekend gestel gaan word:

- Finaliste van die noorde tree by die Aardklop-kunstefees (in Potchefstroom) op.
- Finaliste van die suide se eindrondte word by die Suidooster-fees (in die Kaap) gehou.

Die teks soos in die vraestel	Die opsomming soos gevra
1 *JIP*, 'n tienerbylaag in *Die Burger*, *Beeld* en *Volksblad*, bied jaarliks saam met DStv se musiekkanaal 'n kompetisie aan. En dis weer sulke tyd – dié tyd wanneer leerders van regoor die land bymekaarkom. Rockspaaider is 'n kompetisie waaraan skoolorkeste deelneem. Dus, aan al die skoolorkeste: oefen julle stemme, kry julle kitare reg en oefen daardie tromme. Rockspaaider en julle skool se rockorkes gaan rock! 2 Rockspaaider soek die beste musiekgroep wat nuwe Afrikaanse liedjies sing en speel. Dit beteken dat die lirieke in Afrikaans moet wees en die melodieë moet oorspronklik wees. 3 Die hele land se skole word in twee verdeel: 'n noordelike deel en 'n suidelike deel. Die skole in elke deel word in streke ingedeel. Elke streek hou dan 'n uitdunrondte om 'n streekwenner te bepaal. As hulle onseker is oor hoe om die uitdunne te organiseer, is daar hulp: *JIP* Rockspaaider help skole om die uitdunrondtes te reël. *Jip* sal dié reëlings en 'n artikel oor die skooluitdunne ook publiseer. 4 Die finaliste van die verskillende streke gaan deur na hulle eie eindrondtes. Die finaliste van die noordelike deel tree by die Aardklop-kunstefees in Potchefstroom op. Die suidelike deel se eindrondte word in die Kaap gehou by die Suidooster-fees. Die organiseerders betaal die streekwenners se onkostes na die eindrondtes toe. Niemand hoef bekommerd te wees oor finansies nie. Alle reis- en verblyfkostes word betaal! 5 Die prys? Die twee nasionale wenners kry elkeen genoeg ateljeetyd om 'n CD met agt liedjies op te neem. 6 Dit is 'n fantastiese geleentheid om 'n musiekloopbaan te begin. Kom, kom! Die sluitingsdatum is Vrydag, 9 Mei.	**Die TWEE vereistes om aan die kompetisie deel te neem:** • Groepe moet nuwe Afrikaanse liedjies sing en speel. • Die lirieke moet in Afrikaans wees. • Die melodieë moet oorspronklik wees. • Dit moet 'n skoolorkes wees. (Enige TWEE) **DRIE stappe om die streekwenners te kies:** • Die land se skole word in noord en suid verdeel. • Die skole in elke deel word in streke ingedeel. • Elke streek hou 'n uitdunrondte om 'n streekwenner te bepaal. **Hoe die streekwenners aan die publiek bekend gestel gaan word:** • Finaliste van die noorde tree by die Aardklop-kunstefees (in Potchefstroom). Op. • Die suidelike deel se eindrondte word by die Suidooster-fees (in die Kaap) gehou.
DENKVLAK 1: 7/10 [70%]	**DENKVLAK 2: 3/10 [30%]** **DENKVLAK 3: 0/10 [00%]**
	TOTAAL AFDELING B: 10

AFDELING C: TAAL

ASSESSERINGSRIGLYNE

VRAAG 5: WOORDSTRUKTURE

- **Spelling moet korrek wees.**
- Indien woorde met ’n hoofletter aangebied is, word dit as korrek aanvaar.
- Waar ’n afkorting getoets word, behoort die punte op die regte plek te wees.

VRAAG 5: TYDSKRIFARTIKEL
Ywerige afrigter se werk werp vrugte af
[Verwerk uit: V*olksblad,* 12 September 2007]

VR.	MEMORANDUM	PUNT	LU	AS	VLAK
5.1	onderwyseres	1	4	gebruik geslagvorm: vroulik	1
5.2	samewerking	1	4	gebruik samestellende afleiding	1
5.3	moeilik	1	4	gebruik antonieme	1
5.4	ondersteuning	1	4	gebruik afleiding: verander ww. na s.nw	1
5.5	Kaapstad	1	4	pas spelkonvensies toe	1
5.6	hard	1	4	gebruik homofone	1
5.7	kampioenskappe	1	4	gebruik meervoudsvorme gebruik	1
5.8	leë	1	4	gebruik die verboë vorm	1
5.9	twintig	1	4	Pas spelreëls toe	1
5.10	druiwesap	1	4	samestelling	1
5.11	bekertjie	1	4	gebruik verkleining	1
5.12	splinternuut	1	4	gebruik intensiewe vorme	1
5.13	meer	1	4	gebruik trappe van vergelyking	1
5.14	bv.	1	4	gebruik afkortings	1
5.15	ouderdom	1	4	gebruik afleiding: bw. na s.nw	1
5.16	haar	1	4	gebruik voornaamwoorde	1
5.17	student	1	4	gebruik een woord vir ’n omskrywing	1
5.18	bly/verheug/tevrede	1	4	gebruik sinonieme	1
					SUBTOTAAL: 18

DENKVLAK 1: 18/18 (100%) **DENKVLAK 2: 0/18** **DENKVLAK 3: 0/18**

AFDELING C: TAAL

VRAAG 6: SINSTRUKTURE

ASSESSERINGSRIGLYNE

- **Eenwoord-antwoorde** word as verkeerd aangedui as die spelling verkeerd is.
- In volsin-antwoorde word verkeerde spelling net gepenaliseer indien die fout **in die taalstruktuur** getoets word.
- Sinskonstruksies moet taalkundig korrek wees en in volsinne aangebied word soos in die instruksie aangedui.
- Waar direkte en indirekte rede en punktuasie getoets word, mag ½ punte toegeken word.
- Vir meervoudigekeuse-vrae word sowel die letter wat ooreenstem met die korrekte antwoord as die antwoord wat uitgeskryf word, aanvaar.

VRAAG 6: KOERANTARTIKEL
Feite of fabels
[Uit: *Finesse*, Augustus 2008]

VR.	MEMORANDUM	PUNT	LU	AS 2	VLAK
6.1	baie oud	1	4	gebruik uitdrukkings	2
6.2	Retha Kotze sê: "Ek glo glad nie hierdie storie nie."	2	4	gebruik direkte rede: ww. (glo) tweede plek in sin en vnw. sy > ek; 1 punt vir woordorde met korrekte vnw.; 1 punt vir AL die leestekens korrek	1
6.3	Hoekom het hierdie fabel ontstaan**?**	1	4	identifiseer en gebruik vraende vnw.; **vraagteken moet daar wees om punt te verdien**	2
6.4	Jy sal dan te swak wees om te swem.	1	4	gebruik toekomende tyd: *sal* vervang eerste ww. en ww. skuif na die einde van die sin; is > sal ... wees	1
6.5	Jy kan maar gaan swem aangesien jou liggaam genoeg suurstof het.	1	4	gebruik saamgestelde sinne: vgw 3: ww. (het) skuif na einde van die sin	2
6.6	Jy mag nie met 'n vol maag swem nie.	1	4	gebruik ontkennende vorm: gebruik dubbele ontkenning	2
6.7	• Fabels word deur ou mense geglo. OF • Fabels word geglo deur ou mense.	1	4	gebruik passiewe/lydende vorm	3
6.8	Hardloop het nie regtig jou knieë beskadig nie.	1	4	gebruik verlede tyd; *het* vervang eerste ww.; ww. (beseer) skuif na einde van sin; geen verbuiging van ww. a.g.v. be-	1
6.9	op	1	4	gebruik voorsetsels	3
6.10	Jy moet onthou om op te warm voordat jy begin oefen.	1	4	gebruik die infinitief: om ... (deeltjieww.) + te + (deeltjieww.)	3

6.11	Draf elke dag rustig om die rugbyveld.	1	4	gebruik gepaste woordorde in sinne: tyd, wyse en plek	3
6.12	Gaan spreek ’n dokter oor jou seer knie!	1	4	formuleer ’n bevelsin. **uitroepteken moet daar wees om punt te verdien**	3
6.13	’n Fisioterapeut gee ’n goeie oefenprogram.	1	4	gebruik die aktiewe/bedrywende vorm	2
6.14	• Die dokter sê dat hulle baie sportmanne vir geskeurde ligamente opereer. OF • Die dokter sê hulle opereer baie sport-manne vir geskeurde ligamente.	1	4	gebruik indirekte rede: vgw.3 ww. (opereer) skuif na die einde van die sin en ons > hulle	1
6.15	**Sjoe!** Die atleet hardloop soos blits.	1	4	identifiseer en gebruik uitroepe	1
6.16	Die dokters wonder lank oor die behandeling van die beseerde atleet.	1	4	gebruik die teenwoordige tyd	1
					SUBTOTAAL: 17
DENKVLAK 1: 7/17 (42%)		**DENKVLAK 2: 5/17 (29%)**			**DENKVLAK 3: 5/17 (29%)**

VRAAG 7: KRITIESE TAALBEWUSTHEID – ADVERTENSIE en KOERANTARTIKEL
[Verwerk uit: *Sarie*, Oktober 2008][Verwerk uit: *Jip*, 12 November 2008]

VR.	MEMORANDUM	PUNT	LU	AS 3	VLAK
7.1	D/binne ’n kort tydjie sal kan koop wat hulle hart begeer.	1	4	identifiseer manipulerende taal	3
7.2	Wil jy uitstaan in ’n groep?	1	4	verduidelik geïmpliseerde betekenis interpreteer hoe taal die leser perspektiewe laat deel	3
7.3	• beroemde persoon • (baie) belangrike persoon (Enige EEN)	1	4	verken alternatiewe uitdrukkingswyses	3
7.4	Dis koel buite, nie warm nie.	1	4	verduidelik denotasie	3
7.5	positief	1	4	identifiseer houding	4
					SUBTOTAAL: 5
DENKVLAK 1: 0/5		**DENKVLAK 2: 4/5 [80%]**			**DENKVLAK 3: 1/5 [20%]**
DENKVLAK 1: 25/40 [62,5%]		**DENKVLAK 2: 9/40[22,5%]**			**DENKVLAK 3: 6/40 [15%]**
					TOTAAL AFDELING C: 40
					GROOTTOTAAL: 80

Kopiereg voorbehou